WATERMETER VERVANGINGS BELEID

Hersien: April 2019

INHOUDSOPGAWE

A)	WOORDOMSKRYWINGS	BL. 2-5
B)	DOELSTELLINGS	BL. 5
C)	BEGINSELS	BL. 5-7
D)	DIE METERSTELSEL	BL. 8
E)	REG VAN TOEGANG TOT `N PERSEEL	BL. 9
F)	AANSOEKE VIR `N WATERMETER AANSLUITING	BL. 10-11
G)	TARIEWE EN GEPAARDGAANDE HEFFINGS	BL. 11
H)	BEËINDIGING VAN DIE AANSLUITING/ VOORSIENING/ VERVANGING EN TOETS VAN `N WATERMETER	BL.12
I)	INKORTING/ STAKING VAN DIE AANSLUITING/ VOORSIENING/ VERVANGING EN TOETS VAN WATERMETER	BL.12
J)	INMENGING MET WATERMETER VOORSIENING/AANSLUITING	BL. 13
K)	VERSPERRING VAN TOEGANG TOT WATERMETERS	BL. 13
L)	VERSOEK OM TOETS VAN WATERMETERS	BL. 14
M)	WATERMETER SPESIFIKASIES	BL. 14
N)	NORMALE ONDERHOUD EN VERVANGING	BL. 15
O)	AANSPREEKLIKHEID/VERANTWOORDELIKHEID VAN VEBRUIKERS EN MUNISIPALITEIT	BL. 15
P)	AANSPREEKLIKHEID/VERANTWOORDELIKHEID VAN VEBRUIKERS	BL. 16

A) WOORDOMSKRYWINGS

1. Vir doeleindes van hierdie beleid het enige word of uitdrukking waaraan `n bepaalde betekenis geheg is in die beleid, dieselfde betekenis, tensy uit die samehang anders blyk, en beteken-

2. **"bewoner"** enige persoon wat enige perseel of deel daarvan okupeer, sonder inagneming van die titel ingevolge waaraan hy of sy okupeer;

   "hoof finansiële beampte" iemand wat deur die Raad aangestel is om die Raad se finansiële administrasie te bestuur;

   "eienaar"-

a) die persoon in wie die titel van die perseel regtens gevestig is;
b) in die geval waar die persoon in wie die titel van die perseel regtens gevestig is, insolvent of oorlede is, of aan die administrasie of beheer van so 'n perseel as kurator, trustee, geregtelike bestuur, likwidateur of enige ander wetlike verteenwoordiger, gevestig is;
c) in enige geval waar die raad nie in staat is om die identiteit van sodanige persoon te bepaal nie, iemand wat geregtig is om voordeel uit sodanige perseel of enige gebou daarop, te trek;
d) in die geval van 'n perseel waarvoor huurooreenkoms van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

e) **met betrekking tot-**

i) `n gedeelte grond afgebaken op `n deeltitelplan en wat geregistreer is ingevolge die Wet op Doeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), en sonder om die voorafgaande bepalings te beperk, die ontwikkelaar of bestuursliggaam ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom, of

ii) `n gedeelte soos gedefinieer in daardie Wet, die persoon in wie se naam daardie gedeelte geregistreer is ingevolge `n deeltitelakte, insluitende die wettige aangestelde verteenwoordiger van sodanige persoon;
iii) **Enige regspersoon insluitende, maar nie beperk nie tot:**

- `n maatskappy geregistreer ingevolge die Wet op Maatskappye, 1973 (Wet 61 van 1973), `n trust *intervivos,* trust *causa,* `n beslote korporasie geregistreer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet van 1984), en `n Vrywillige Vereniging:
- enige staatsdepartement;

- enige raad of bestuursliggaam ingevolge enige wetgewing van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika, ingestel; en
- enige ambassade of ander buitelandse entiteit;

f) wat aan `n raad behoort en waaroor daar beskik is, maar wat nie aan die persoon aan wie dit beskik is oorgedra is nie, sodanige persoon vanaf die datum van die betrokke beskikking, en

g) wat behoort aan of wat onder die beheer of bestuur van `n raad is terwyl dit onder `n huurkontrak of enige uitdruklike of stilswyende uitbreiding daarvan, of analoë reg besit word, die persoon wat die roerende eiendom aldus besit;

- **ingenieur:** die persoon in beheer van die siviele of elektriese komponente van die munisipaliteit;
- **kliënt:** enige bewoner van enige perseel ten opsigte waarvan die munisipaliteit ooreengekom het om dienste te verskaf of reeds dienste verskaf, of, indien daar geen bewoner is nie, die eienaar van die perseel;
- **munisipale rekening:** sluit in heffings of dienstegelde ten opsigte van die volgende dienste en belasting:

  a) elektrisiteitsverbruik;
  b) waterverbruik;
  c) vullisverwydering;
  d) riooldienste;
  e) eiendomsbelasting;
  f) rente en/ of toeslag;

- **munisipale bestuurder:** die persoon wat deur Munisipale Raad as die Munisipale Bestuurder van die munisipaliteit ingevolge artikel 85 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet 117 van 1998), aangestel in en sluit ook in iemand-

a) wat in daardie amp waarneem; en
b) aan wie die munisipaliteit bestuurder `n bevoegdheid, funksie of plig gedelegeer het;

- **munisipaliteit:** daardie dienste, tariewe en belasting wat op die munisipale rekeningstaat verskyn en waarvoor die munisipaliteit betaling vereis;

- **perseel:** ook enige gedeelte grond, waarvan die buitegrense afgebaken is op:

a) `n algemene plan of diagram wat geregistreer is ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), of die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937); of
b) `n deeltitelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), wat binne die regsgebied van die munisipaliteit geleë is;

- **Raad:** die munisipale raad van die Munisipaliteit Cederberg;

B) DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die beleid is om:

1.1 `n raamwerk vir die ordelike bestuur, vervanging, onderhoud en aankope van watermeters daar te stel;

1.2 `n raamwerk te voorsien waarbinne die munisipale raad sy uitvoerende en wetgewende gesag insake die verskaffing van water kan uitoefen;

1.3 Te verseker dat alle geld wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, ten opsigte van waterverbruik, op `n deursigtige en finasieël volhoubare wyse ingevoer word en in die beste belang van die gemeenskap, inwoners en belastingbetalers;

1.4 prosedures en meganismes van die beleid insake watermeters vervaning in breë trekke te skets;

1.5 die vervanging van watermeters en die volgorde van stappe te beskryf; en

1.6 Die bevordering van verbruiker vertroue in die Raad om waterdienste te lewer, die fakutering daarvan, ontvangste van betalings en die effektiewe opvolging van foutiewe meters.

C) BEGINSELS

1.1 Die administratiewe en tegniese integriteit van die munisipaliteit moet ten alle koste gehandhaaf word. Die demokraties verkose raadslede is verantwoordelik vir beleidmaking, terwyl dit die munisipale bestuurder se verantwoordelikheid is om die beleid uit te voer:

1.2.1 Die verbruiker is geregtig op `n goeie effektiewe en redelike antwoord op navrae/appelle, en mag geen nadeel ly gedurende die prossesering van `n redelike navraag/appel nie.

1.2.2 Bedrog/Onwettige optrede sal tot die opskorting van regte en die oplegging van swaar boetes en/of openbare vervolging lei.

1.2.3 Die watermeter vervangingsproses moet kostedoeltreffend wees.

1.24 Resultate sal gereeld en doeltreffend geraporteer en gemoniteer word.

C.1) Pligte en funksies van Raad

1.3.1. Om `n begroting goed te keur wat met die Raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan strook.

1.3.2 Om verordening wat uitvoering gee aan die Raad se beleid, te oorweeg en goed te keur

1.3.3 Om genoegsame kapasiteit in die Ingenieursdepartement vir die vervanging en onderhoud van watermeters te voorsien.

C.2) Pligte en funksies van die Munisipale Bestuurder

Is verantwoordelik vir die skepping van procedure en prosesse om die ondergenoemde te fasiliteer:

1.4.1 Om die Raad se beleid insake die vervanging van watermeters te implementer.

1.4.2 Om "Beste Praktyke" te implementer.

1.4.3 Om werksprosedures vir die volgende te bepaal: die lees van meters, vervanging van meters' toets van meters, aankope van meters, reëlings, afsluiting van dienste, dagvaardings, afskryf van skuld, onwettige aansluitings en regsprosesse.

1.4.4 Om prestasiemikpunte vir personeel te stel.

1.4.5 Om sekere funksies aan departementshoofde te delegeer.

1.4.6 Om aan Uitvoerende Burgemeester verslag te doen.

C.3) Pligte en funksies van gemeenskappe, waterverbruikers en inwoners.

1.5.1 Om sekere verantwoordelikhede n ate kom wat meegebring word deur die voorreg en/of die reg op openbare water geriewe en munisipale water dienste te gebruik en geniet.

1.5.2 Om diensgelde en heffings en tariewe ten opsigte van water verbruik en beskikbaarheid wat deur die munisipaliteit ingestel word, te betaal.

1.5.3 Om in die uitoefening van hul regte die meganismes en prosesse van die munisipaliteit te eerbiedig.

1.5.4 Om aan munisipale beamptes redelike toegang tot hul eiendom te verleen ten einde munisipale funksies uit te voer.

1.5.5 Om aan die verordening en ander wetgewing van die munisipaliteit te voldoen.

1.5.6 Om hulle te weerhou van peutery met munisipale watermeters en eiendom.

C.4 Rekening en faktuering

1.6.1 Al het `n verbruiker `n klagte of navraag op`n rekening, sal dit binne 21 dae ondersoek word; nietemin moet die verbruiker nog steeds die rekening betaal. Die normale prosedure soos in die Kredietbeheer Beleid ten opsigte van dispute hantering sal geld, ten opsigte van die berekening van die water verbruike te bepaal.

D) METERSTELSEL

1.1 Die munisipaliteit moet daarna streef om, binne praktiese en finansiële perke, watermeters vir alle meetbare waterverbruik aan elke verbruiker te voorsien.

1.2 Indien enigsins moontlik, moet alle watermeters maandeliks gelees word, maar in uitsonderlike gevalle mag die lesing van water meters nie drie maande oorskry nie. Indien die meter nie op `n maandelikse grondslag gelees word nie, sal die Raad die gemiddelde verbruik van voorafgaande drie maande.

1.3 Verbruikers is geregtig om versoeke oor die bevestiging van meterlesings te rig en is op meterlesings geregtig wat so akuraat is as redelikerwys verwag kan word, maar sal vir die koste verbonde daaraan, ingevolge die toepaslike tariewe van die betrokke jaar se begroting, aanspreeklik gehou word.

1.4 Verbruikers sal van die vervanging van meters in kennis gestel word. Waar die oorsaak van die vervanging bewys as die plig van die munisipaliteit te wees, sal die munisipaliteit verantwoordelik daarvoor wees. Waar die oorsaak van die vervanging bewys kan word as die plig van die verbruiker te wees, sal die verbruiker ingelig wordoor die kostes daaraan gebonde voordat die klant se goedkeuring vir die vervanging van die meter verkry is, ingevolge die toepaslike tariewe van die betrokke jaar se begroting.

1.5 Indien daar `n watermeter vir `n diens geïnstalleer is, maar die meter weens finansiële en mannekragbeperkinge of omstandighede buite die beheer van die munisipaliteit of sy gemagtigde agent nie gelees kan word nie en die verbruiker se rekening op die gemiddelde verbruik gebaseer word, moet die rekening wat volg op die lees van die gemeterde verbruik die verskil tussen die werklike verbruik en die gemiddelde verbruik, en die gevolglike krediet- of debietaanpassings, weerspieël.

E) REG VAN TOEGANG TOT `N PERSEEL

- Die eienaar en/of inwoner van die perseel moet ‘n gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit te alle redelike tye toegang tot die perseel gee en redelike maatreëls tref sodat laasgenoemde enige watermeter of water aansluiting kan lees, inspekteer, installer of herstel of die voorsiening van `n water diens kan ontkoppel, staak of beperk. Die gemagtigde persoon moet redelik geïdentifiseerd wees.

- Die eienaar moet die koste van die verskuiwing van `n watermeter aanvaar indien bevredigende toegang nie moontlik is nie.

- Indien `n persoon oortree, mag die munisipaliteit of sy gemagtigde agent:

- Sodanige persoon by wyse van `n skriftelike kennisgewing versoek om, sy/haar eie koste, toegang binne `n spesifieke tydperk te herstel;

- Toegang sonder vooraf kennisgewing herstel en die koste van die betrokke persoon verhaal, indien van mening datd dit `n dringende saak is.

E) AANSOEKE VIR `N WATERMETER AANSLUITING

1. Geen persoon sal vanuit die watervoorsieningstelsel, rioolwegdoenstelsel of deur middel van enige ander sanitasie dienste toegang tot waterdienste bekom nie tensy hy of sy by die munisipaliteit op die voorgeskrewe aansoekvorm om sodanige watermeter aansluiting gedoen het nie.
2. Die munisipaliteit mag weier om `n wateraansluiting te voorsien.
3. Nadat perseel of verbruiker van waterdienste voorsien is, sal dit geag word dat `n ooreenskoms soos in subartikel (1) beoog, tot stand gekom het.
4. By ontvangs van `n verbruiker se aansoek om voorsiening van waterdienste, moet die munisipaliteit daardie verbruiker in kennis stel van die verskillende beskikbare diensvlakke, asook die tariewe en/of heffings toepassing op elke vlak.
5. Die verbruiker moet sy/haar keuse uitoefen ten opsigte van die beskikbare diensvlak wat aan hom/haar verskaf moet word.
6. `n Verbruiker kan te enige tyd aansoek doen om die wysiging van die vlak wat aanvanklik verkies is ingevolge die ooreenkoms aangegaan, mits dienste beskikbaar is en die munisipaliteit se watervoorsieningstelsel dit toelaat, met dien verstande verder dat die verbruiker alle koste en uitgawes verbonde aan so `n verandering van diensvlak sal betaal.
7. `n Aansoek waartoe die munisipaliteit of sy gevolmagtigde ingestem het, sal `n ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die verbruiker tot gevolg he, en sodanige ooreenkoms sal op `n datum in die ooreenkoms na verwys of bepaal, in werking tree.
8. `n Verbruiker sal aanspreeklik wees vir alle voorgeskrewe tariewe en/of heffings ten opsigte van waterdienste aan hom of haar voorsien, tot en met beëindiging van die ooreenkoms ingevolge hierdie beleid of tot en wyl enige agterstallige rekening betaal is.
9. By voltooiing van `n aansoekvorm vir `n watermeter aansluitingsdiens, moet die munisipaliteit toesien dat die eienaar, verbruiker of enige ander aansoeker die document en die proses van interaksie verstaan. In geval van ongeletterde of soortgelyke benadeelde persone, moet die munisipaliteit redelike stappe doen ten einde te verseker dat die persoon bewus is van die inhoud van die aansoekvorm end at hy/sy dit verstaan.

10. Minstens die volgende inligting moet op die aansoekvorm aangebring word:

- sertifisering deur `n gemagtigde verteenwoordiger dat die aansoeker bewus is van en die inhoud van die vorm verstaan;
- aanvaarding deur die verbruiker van die bepalings van die beleid en gepaardgaande verordeninge en aanvaarding van aanspreeklikheid vir die koste verbonde aan gelewerde waterdiens;
- die naam van die verbruiker;

- die adres of erfnommer van die perseel waarheen of waarop watermeter aansluiting gelewer moet word;
- die adres waarheen rekenings gestuur word;
- indien van toepassing, die naam en adres van die aansoeker se werkgewer;
- indien water voorsien sou word, die doel waarvoor die water aangewend sal word;
- die ooreenkome datum waarop die verskaffing van waterdienste `n aanvang sal neem;
- Waterdienste wat aan `n verbruiker verskaf word, is onderhewig aan die bepalings van die Raad se waterdienste verordeninge en die ter saaklike ooreenkoms;
- Indien die munisipaliteit `n aansoek om die voorsiening van watermeter aansluiting weier, of nie in staat is om sodanige aansluiting te verskaf nie, moet die munisipaliteit die verbruiker in kennis stel van sodanige weiering en/of onvermoë en, indien van toepassing, wanneet die munisipaliteit in staat sal wees om sodanige aansluiting te lewer.

F) TARIEWE EN GEPAARDGAANDE HEFFINGS

Voorgeskrewe tariewe en heffings vir aansluiting en vervanging van watermeters

1. Alle tariewe en heffings betaalbaar ten opsigte van watermeters deur die munisipaliteit ingevolge hierdie beleid gelewer, insluitend, maar nie daartoe beperk nie, die betaling van aansluitingsfooie, vasgestelde tariewe of enige bykomende tariewe of rente ten aansien van die nie-betaling van sodanige tariewe of heffings teen die datum, sal deur die munisipaliteit bepaal word in ooreenstemming met-
2. sy tariewebeleid;
3. Enige waterdienste verordening ten opsigte daarvan.

Vasgestelde heffings vir watermeters.

- Die voorgeskrewe heffings vir aansluitings, heraansluitings, vervanging, toets van watermeters, sal gehef word ingevolge die munisipaliteit se voorgeskrewe
    - tariewe beleid;
    - enige verordening ten opsigte daarvan; en
    - die tariewe ingevolge die betrokke bedryfsbegrotingvan die toepaslike finasiële jaar;

1. Waar `n vasgestelde heffing ingevolge die toepaslike jaar se bedryfsbegroting voorgeskryf is, sal dit deur elke eienaar of verbruiker betaalbaar wees ten opsigte van watermeters wat die munisipaliteit aan hom of haar voorsien het, ongeag of sodanige watermeter deur hom of haar gebruik is, al dan nie.

2. `n Verbruiker sal vir `n watermeter wat deur die munisipaliteit aan hom of haar voorsien word, teen die voorgeskrewe tarief of heffing betaal wat in ooreenstemming vir die bepaalde kategorie waterdiens voorgeskryf is.

G) BEËINDIGING VIR DIE AANSLUITING/ VOORSIENING/ VERVANGING EN TOETS VAN `N WATERMETER.

1. `n Verbruiker/ aansoeker kan `n ooreenkoms vir die voorsiening/ vervanging/ toets van `n watermeter beëindig deur skriftelike kennis van sy of haar voorneme om dit te doen, aan die munisipaliteit te voorsien.

2. Die munisipaliteit kan `n verbruiker/ aasoeker van die beëindiging van sy of haar ooreenkoms vir die voorsiening/ vervanging/ toets van watermeters in kennis stel deur van skriftelike kennisgewing indien-

a) daar geen bevredigende reëlings met die munisipaliteit getref is vir die voortbestaan van die ooreenkoms nie;

b) hy of sy versuim om `n bepaling van hierdie beleid na te kom en in gebreke gebly het om sodanige versuim te herstel;

2.1 Die munisipaliteit kan, nadat redelike kennis gegee is, `n ooreenkoms vir die voorsiening/ installering van watermeters beëindig indien die verbruiker die perseel ten aansien waarvan die ooreenkoms geld, ontruim het.

H) INKORTING/ STAKING VAN DIE AANSLUITING/ VOORSIENING/ VERVANGING EN TOETS VAN `N WATERMETER

(1) Die munisipaliteit kan die watermeter wat ingevolge hierdie beleid voorsien/ vervang of getoets word, inkort of staak-

(a) by versuim om betaling te doen van die voorgeskrewe tariewe of heffings;

(b) by versuim om enige ander bepalings van hierdie beleid te voldoen;

(c) op die skriftelike versoek van `n verbruiker;

(d) die gebou op die perseel waar die watermeter geïnstalleer is, gesloop is;

(e) indien die verbruiker met die ingekorte of gestaakte diens inemeng het;

(f) In `n noodgeval.

Die munisipaliteit sal nie vir enige skade of eise wat moontlik ui die subartikel (1) bepaalde inkorting of staking maag voortspruit, aanspreeklik wees nie. ***In die geval van `n diens wat afgesny is weens wanbetaling, sal die heraansluiting binne 3 tot 5 werksdae gedoen word, na betaling van alle voorgeskrewe tariewe en heffings.***

J) INMENGING MET WATERMETER VOORSIENING/ AANSLUITING/ VERVANGING EN TOETS

1. Niemand behalwe die munisipaliteit mag watermeters voorsien, aansluit, vervang en toets of laat toets of onderhou sonder magtiging uit hoofde van hierdie beleid of deur `n gevolmagtigde nie.

(a) Niemand behalwe die munisipaliteit mag `n verbinding/ wysiging aan die watermeter aanbring of verrig nie.

K) VERSPERRING VAN TOEGANG TOT WATERMETERS

1. Niemand mag fisieke toegang tot die watermeter voorkom of beperk nie.

2. By die nie-nakoming van subartikel (1), kan die munisipaliteit-
   (a) sodanige persoon deur middle van skriftelike kennisgewing aansê om op sy of haar eie onkoste toegang binne `n bepaalde tydperk te herstel;
   (b) Indien dit van mening is dat die aangeleentheid `n saak van dringendheid is sonder vooraf kennisgewing die toegang herstel en die koste van sodanige persoon verhaal.

L) VERSOEK OM TOETS VAN WATERMETERS

1) `n Verbruiker kan ten enige tyd die versoek rig aan die verantwoordelike munisipale beampte dat sy/haar meter getoets moet word, vir `n moontlike defek;

2) Alle versoeke vir die toets van meters moet skriftelik wees.

3) Die munisipaliteit sal op eie koste, die meter vervang met `n toetsmeter. Indien die toetsmeter egter bo alle redelike twyfel toon dat die lesings korrek geneem is, sal die volle koste vir die verbruiker se rekening wees;

4) Indien die meter wel `n defek het sal die vervanging en toets van die meter vir die koste van die munisipaliteit wees;

5) `n Nuwe meter sal gratis installer word;

6) Watermeters ten opsigte van besigheidsverbruikers, sal gestuur word na die professionele diensverskaffer van die Munisipaliteit, vir toetsing. Die koste sal wees vir die munisipaliteit, indien `n defek wel gevind word. Indien daar geen defek op die meter is nie sal die totale koste vir die besigheidsverbruiker wees.

M) WATERMETER SPESIFIKASIES

1) Watermeter bulk aankoop ooreenkomste sal by wyse van tenders ingevolge die Raad se goedgekeurde Voorkeurverkrygings Beleid geskied;

2) In die tenderdokument sal die nodige spesifikasies geplaas word, waaraan die watermeters moet voldoen;

3) Die spesifikasies sal deur die verantwoordelike senior beamptes van die Igenieursdepartement opgestel word;

N) NORMALE ONDERHOUD EN VERVANGING

1) Dit is die verantwoordelikheid van die munisipaliteit om toe te sien dat alle meters se lesings op `n maandelikse grondslag geneem word;

2) Hierdie verantwoordelikheid word gedelegeer na die verantwoordelike beamptes vir die spesifieke funksie;

3) Die meterlesers van die Raad moet alle defekte, lekkasies, peutery en ander afwykings wat hulle opmerk tydens die maandelikse neem van meterlesings, rapporteer aan sy/haar onmiddelike hoof/toesighouer in die Finansies departement;

4) Toepaslike optrede, indien enige, teenoor die verbruiker sal bepaal word ingevolge die beleid (sien G. en J);

5) `n Lys van defekte meters sal deur die hoof/toesighouer van Finansies departement opgestel word en op `n maandelikse grondslag aan die verantwoordelike beampte/bestuurder van die Ingenieurs departement oorhandig word vir onderhoud, herstel en of vervanging van die meters;

6) Die Ingenieurs departement moet op gereelde grondslag terugvoering lewer aan doe Direkteur Finansies, ten opsigte van watermeters herstel en of vervang, ingevolge die lys van defekte meters, soos ontvang;

7) Hierdie proses sal deurlopend plaasvind end eel vorm van normale onderhoudskoste van die Ingenieurs departement se Bedryfsbegroting;

O) VERANTWOORDELIKHEID/ AANSPREEKLIKHEID VAN MUNISIPALITEIT EN VERBRUIKER

1) Die verbruiker het ook die verpligting en verantwoordelikheid om enige defek, lekkasie en of afwyking aan die munisipaliteit te rapporteer;
2) Alle waterverliese gely deur die verbruiker ten opsigte van enige defek, lekkasie en of afwyking **na** die meter aansluiting, is vir die rekening van die verbruiker van die diens;
3) Herstelwerk kostes is vir die verbruiker en of eienaar van die perseel;
4) Die munisipaliteit kan na gelang van beskikbaarheid van fondse, kliënte wat geïdentifiseer is as deernis kliënte behulpsaam wees met die verskuiwing of vervanging van foutiewe watermeters.

5) Alle waterverliese gely deur die verbruiker ten opsigte van enige defek, lekkasie en of afwyking **voor** die meter aansluiting, is vir die rekeniing van die verskaffer van die diens;
6) Voorsiening word ook gemaak vir lekkasies wat veroorsaak word deur bv sprinkelbesproeiing, swembadkrake en barste, warmwatersillinders, buite toilette, ondergrondse pype, maar indien so ‘n lekkasie sou plaasvind moet die kliënt skriftelik aansoek doen om tegemoetkoming en sal die munisipaliteit na voorlegging van nodige bewyse slegs een aansoek per huishouding of besigheid binne ‘n tydperk van twee jaar oorweeg. Die oorweging sal deur die Direkteur Finansies gemagtig word indien voldoende rede vir tegemoetkoming voorgelê word.
7) Die nodige krediet in die gevalle sal bereken word op die standaard gemiddelde van die voorafgaande 3 maande.

P) VERANTWOORDELIKHEID/ AANSPREEKLIKHEID VAN ONTWIKKELAARS

1) Alle ontwikkelaars, hetsy van formele en of informele nedersettings moet voor aanvang van ontwikkeling- en boubedrywighede aansoek doen om `n watermeter aansluiting, op die voorgeskrewe aansoekvorm van die munisipaliteit;
2) Lesings sal gemonitor word en ontwikkelaars gehef word vir die verbruik van die diens vir die duurte van die projek; sien die Tarief in die Jaarlikse tarief skedule van die Raad.
3) Ontwikkelaars bly aanspreeklik vir voorgeskrewe tariewe en heffings, tensy andersins skriftelik ooreengekom met die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit;
4) By die voltooiing van die ontwikkeling/projek moet die nuwe eienaars aansoek doen, op voorgeskrewe aansoekvorm, vir die installering van watermeters;
5) Die eienaar/huurder van die eiendom is aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe tariewe en heffings;
6) In gevalle van informele nedersettings, waar daar `n bulk watermeter aansluiting gedoen is, moet die lesings maandeliks gemonitor word, maar is verbruik vir die rekening van die Raad.